

**7 September**

**Skrifgedeelte: 2 en 3 Johannes**

**Fokusgedeelte: 2 Johannes :4**

**Wandel in die waarheid**

Ons kan alleen die gemeenskap met God en met mekaar ervaar wanneer ons in die waarheid wandel.

Johannes toon aan dat daar drie momente in die waarheid is. Die waarheid is in die eerste plek die atmosfeer waarin die gelowiges lewe en waarin die liefde tot God en vir mekaar ondervind word (vs 2). Tweedens is die waarheid by Johannes ook die wil van God soos dit in die liefdesgebod – wat God die Vader gegee het – tot uitdrukking gebring is (vs 4). In die derde plek omskryf Johannes die waarheid as die leer van Christus (vs 9).

Dit het tot inhoud dat Jesus die Christus, die Seun van God is. Omdat hierdie waarheid by ons bly en ewig by ons sal wees, moet ons baie nougeset in die waarheid wandel.

Die eerste vereiste is dat ons die leer van Christus heelhartig aanvaar. God se Woord is die waarheid (Joh 17:17). Wie die onfeilbare gesag van God se Woord nie wil aanvaar nie, kan nie in die waarheid wandel nie. 'n Wandel in die waarheid wys op 'n wandel in die lig van God se openbaring. So 'n wandel bring ons in gemeenskap met God, maar tegelyk ook in gemeenskap met mekaar. Op die situasie van daardie tyd toegespits, is 'n wandel in die waarheid die betoning van Christelike gasvryheid.

Ons moet in ons tyd ook maniere vind om liefde te betoon. Deur liefde te beoefen, word die liefde van God en die onderlinge liefde tussen gelowiges oorfloedig.

*Sing: Psalm 86:6*

*Prof L Floor (Emeritus)*